Tema: Onsekere tye? Vertrou die Here en wees aan Hom alleen gehoorsaam.

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Lied 514: 1, 2
Lied 255: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 11-2: 1, 4
Votum
Seën
Loflied Ps. 103-1: 1, 3
Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20
Sing Ps. 103-1: 5, 6, 9
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Deut. 31: 16 - 32: 15
32: 35-47
Teks: Deut. 32: 9-12 en 36-39
Sing Ps. 81-1: 9, 10, 11
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BNB
Sing Sb 14-2: 1
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Wat gebeur met jou geloof wanneer die omstandighede waarin jy jou bevind baie uitdagend, bedreigend en onseker word? Sommige mense word bang en sien in alles ŉ bedreiging vir hulle bestaan. By sommiges is daar self ŉ tikkie wanhoop te bespeur: daar is geen hoop meer nie! Ons leef nou maar van dag tot dag, beur maar voort en kyk wat gaan gebeur. Ander word meegevoer deur die morele verval en raak al hoe meer los van die Here en leef asof hulle nie God se wil meer ken en gehoorsaam nie.

Die vraag wat ons mekaar vanmore moet vra is: wat gebeur met jou geloof in hierdie onseker tyde wat ons beleef? Met watter gesindheid pak jy die lewe deesdae aan? Hoe hanteer ons die dinge wat ons tans beleef in ons geloof? Word ons moedeloos? Sien ons nog hoop? Kan ons steeds positief bly?

Brs en srs, op hierdie belangrike vrae gee die Here vanoggend vir ons 'n antwoord in die lied van Moses.

Op bevel van die Here sing Moses vir die volk 'n lied oor wat die toekoms vir hulle inhou. Hulle staan op die einde van hulle woestynreis en aan die vooraand van hulle intog in die beloofde land Kanaän. Hulle gaan 'n nuwe tyd en fase van hulle bestaan as volk van God tegemoet en hieroor wil die Here ernstig met hulle praat. Hy wil hulle wys op die belangrike dinge wat nodig gaan wees in hierdie nuwe tyd.

Van alles wat die Here sê fokus ons op twee aspekte nl. **vertroue en gehoorsaamheid**. Dit is wat die Here van sy volk verwag het in hierdie nuwe tyd wat vir hulle aangebreek het en dit is **wat die Here ook van ons verwag in die nuwe jaar wat Hy aan ons gegee het: Vertroue en gehoorsaamheid in onsekere tye.**

Die Here se oproep dat ons op Hom moet **vertrou in tye van onsekerheid en oorgang** word vir ons geteken met twee **pragtige beelde** in vers 10 en 11. Die Here gebruik daar die metafoor van ŉ pa wat sy oogappelkind uitsonder en versorg! (kinders: oogappel = witbroodjie!) En tweedens gebruik die Here die metafoor van ŉ arend wat sy kleintjies uit die nes skop en op sy vlerke dra!
Brs. en srs., ons **vertroue op die Here, ons Rots, berus op** dit wat God in die **verlede gedoen het** en wat **Hy in die toekoms sal doen**.

Vers 10 teken vir die volk God se handelinge met hulle in die verlede. Hy het hulle uit Egipte gaan haal, hulle gered en by Sinai die verbond met hulle gesluit. Soos 'n pa sy witbroodjiekind met toewyding versorg, so het die Here hulle deur die woestyn gelei en hulle versorg met alles wat hulle nodig het. Hy het hulle gaan haal in hulle nood, hulle omhels, hulle vertroetel en versorg.

Brs. en srs. **is dit nie ook waar van ons verlede nie? As ons terugkyk op die verlede** dan kan ons ook nie anders as om te sê dat ons God se oogappel was nie. Ons kan almal getuig dat God ons in ons nood kon haal het, dat Hy ons telkens uitgered en verlos het. Hoe het die Here ons nie versorg nie! Net soos Israel het ons manna en kwartel gehad om ons te voed. Net soos die vuurkolom in die nag en die wolkkolom in die dag, so het die Here ons deur sy Woord gelei.

Toe ons moedeloos was en gewanhoop het, het die Here ons omhels en vertroetel en ons weer opgetel. Ja, dit het nie in die verlede net altyd goed gegaan nie, daar was ook die laagtepunte en swaarkry. Maar ook daarin was God ons genadig, juis in daardie tye het ek agtergekom dat ek sy oogappel is. Maar daar was ook die tye van voorspoed en vreugde wat God ons gegee het en waarin Hy ons geseën het met net die beste.

Br. en srs. dit kan ons sê omdat ons nou kan **terugkyk na die dinge wat gebeur het** en kan sien dat dit die moeite werd is om op God te vertrou. **Dat Hy soos 'n Rots is wat vasstaan en dat Hy jou nooit, maar nooit in die steek sal laat as jy op Hom vertrou nie. Dit is wat die verlede ons vanoggend leer.**

Maar wat van die toekoms?
Ons kan vanmore nie in die toekoms inkyk en weet wat gaan gebeur nie. En daarom is die beeld van vers 11 so wonderlik vertroostend. Hier word die Here geteken met die beeld van **'n arend wat sy kleintjies uit die nes skop sodat hulle kan leer om te vlieg**.

Br. en sr. dink net vir 'n oomblik oor hierdie beeld. 'n Arend se nes is gewoonlik hoog teen die kranse waar roofdiere dit nie kan bykom nie. En daar, in die duiselwekkende hoogte, daar versorg hulle die kleintjies todat hulle groot genoeg is om self te kan vlieg. Maar hierdie vliegproses is 'n harde leerskool. Op 'n dag wat die arend weet die kleintjie is gereed, skop hy daardie kleintjie uit die nes, oor die kranslys af , die dieptes in. En hy moet vlieg.

By wyse van spreke, br. en sr., **is die toekoms soos die duiselwekkende afgrond waaroor daardie jong voëltjie gestoot word en hy moet vlieg.** Dit wat vir ons voorlê is onbekend en na ons menslike natuur seker iets wat ons bang maak. Die onbekende bring dikwels vrees en twyfel. **Maar God weet ons is gereed. Hy het in Christus aan ons geloofsvetroue as vlerke gegee waarmee ons kan vlieg. Meer nog: die Heilige Gees is die wind onder ons vlerke wat ons uit die dieptes lig en hoog laat vlieg.**

Luister ook na hierdie belofte van die Here in Jesaja 40: 28 - 31. "Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik. [29]Hy gee die vermoeides krag,
Hy versterk dié wat nie meer kan nie. [30]Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, [31]maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag.
Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie."

Dit doen God deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

En daarby, geliefdes, is die troosvolle versekering dat God ons, wanneer ons geloofsvlerke ons begewe en ons na onder tuimel, Hy ons op sy vlerke na veiligheid sal dra. Daarom kan en moet ons op die Here vertrou al lyk alles vir ons vandag so onseker en twyfel ons oor die toekoms!. God se troue sorg in die verlede en sy optrede in die toekoms is die bewys dat ons op Hom kan vertrou.

Moet daarom nie bang wees vir dit wat voorlê nie. Weet dat die Here elke dag daar sal wees en jou sal beskerm en dra. Val dan oor die kranslys neer en vlieg met vlerke van geloofsvertroue.

Maar brs en srs, in Moses se lied openbaar die Here egter ook ons sondige swakheid. **Daar kom tye wanneer ons ons vertroue op die Here verloor.** Dan begin ons soek na ander hulp en leiding. Dit is wat Israel gedoen het in die verlede en daarvan profeteer Moses nou ook met groot sekerheid dat hulle dit in hierdie nuwe fase van hulle lewe ook gaan doen. Dat hulle in Kanaän so deur hulle voorspoed bederf sal raak dat hulle van God sal vergeet en ander gode sal begin dien.

Die oomblik as ek my vertroue in God verloor dan soek ek na hulp by ander. Dan dink ek dat ander kan help. Daarom sê die Here **in vers 12 en baie duidelik weer in vers 39: Besef dit tog : Ek, Ek is die Here! Naas my is daar geen ander God nie. Ek is die vaste Rots wat altyd vir julle veilige beskerming bied! Daar** is niks en niemand anders op wie ek my vertroue kan stel nie, daarom moet ek die Here gehoorsaam wees.

Br. en sr, God het dit onteenseglik bewys. Moses profeteer van Israel se ongehoorsaamheid en hoe God hulle as gevolg daarvan tot 'n val sal bring. En dit het net so gebeur. U ken die geskiedenis. Die volk het van die Here vergeet en op ander gode begin vertrou.

Die Here het hulle op hulle knieë gedwing sodat hulle in hulle swakheid sou besef dat God alleen hulle saak kan behartig. **In hulle swakheid, sê vers 36, in hulle beproewing sou hulle leer dat hulle ongehoorsaamheid was en sal hulle weer op die Here alleen vertrou. Vir** hulle was **die beproewing van die ballingskap straf op hulle sonde.**

Br. en sr., ek en jy weet hoe swaar dit op 'n mens druk as jy voel dat jou beproewing straf op jou sonde is. Dit is asof jy verstote en alleen voel. So het Israel ook gevoel in die tyd van hulle beproewing. Dink aan die lied waarin Jeremia kla oor die straf van Israel wanneer hy Klaagliedere 3: 18 sê : "Ek het gedink dit is klaar met my en met my hoop op die Here".

So hoef jy en ek egter nooit te voel nie. Wat ook al met ons gebeur is **nie straf nie. Moses sê self in vers 43 God sal versoening en vrede bewerk tussen Hom en sy volk. En dit het ons Here Jesus Christus kom doen. Hy het die straf op ons ongehoorsaamheid en wantroue gedra. Hy het in my plek vir my sonde betaal en daarom is wat my gebeur nooit straf nie**.
Vrees dan ook nie die beproewinge wat dalk nog vir jou voorlê nie. Want God straf nie sy kind nie. maar beproef ons geloof sodat ons gelouter kan word. Dat ons geloofsvlerke sterker en sterker kan word en ons vertroue onwankelbaar.

Geliefde, brs. en srs. *op grond van hierdie genade van God in Christus kan ons nie anders as om **gehoorsaam o**ns God alleen te dien nie.* **Wees daarom dan gehoorsaam aan die Here. Die skrywer van Hebreërs gebruik die ongehoorsaamheid van Israel as 'n voorbeeld vir ons om ons te waarsku om nie dieselfde pad van ongehoorsaamheid te loop nie.**

Laat God se Woord jou lei en jou lewe rig en stuur. Moenie dink dat ander beter kan help nie. Moenie luister na die wêreld en sy antwoorde nie. Nee. Besef ook vandag dat die Here en die Here alleen, jou God is. Leef dan elke dag gehoorsaam aan sy Woord. Buig voor die eise van God se Woord en doen wat Hy jou beveel. Sonder gehoorsaamheid kan daar ook nie vertroue wees nie.

Die Here Jesus het ons geleer dat gehoorsaamheid dié onteenseglike bewys is dat ons kinders van God is! Hy sê vir sy dissipels; julle is my vriende as julle my gehoorsaam! Ons kan nie sê dat ons die Here liefhet en op Hom vertrou as ons ook nie onwrikbaar aan Hom gehoorsaam is nie!

Kom ons bekeer ons dan van ongehoorsame gedagtes en dade en rig ons volledig om God in sy Woord te volg! Al is die versoeking ook hoe groot – bly getrou aan die Here!

Br. en sr. hoe gaan ons die tweede deel van hierdie jaar tegemoet? Met vertroue en gehoorsaamheid. Maak nie saak wat ook al gaan gebeur nie. Goed of sleg.

Kyk op, sien u Vader wat jou as sy oogappelkind beskou, wat oor jou sweef en jou beskerm. Luister na die geluid van die Heilige Gees as die wind onder jou vlerke wat jou oplig en die hoogtes in dra. Hou ons Here Jesus elke dag voor oë en gehoorsaam Hom in alles. Dan sal onsekere en bang tye nie jou hoop beroof nie en sal jy steeds met hoop en vertroue elke oggend kan opstaan en die Here dien.

Amen.